

# Laaste sê oor algemene vergaderings



der na subartikel 6(5).

**Met betrekking tot** algemene vergaderings bepaal die wetgewer as volg:

“(5) A member may be represented in person or by proxy at such meeting; Provided that a person must not act as proxy for more than two members.”

Hierdie beperking het natuurlik 'n ernstige uitwerking op pogings om aan die kworumvereistes te voldoen.

Dit laat jou wonder waarom die wetgewer dit goed gedink het om só ernstige beperking in die Deeltitelwet te plaas . . .

Om dit te probeer verstaan,

moet ons eers kyk na wat die omstandighede was voor die Bestuurswet in werking getree het.

**Gedurende hierdie tydperk**

was bestuursake van deeltitel-skemas ook deur die Wet op

Deeltitels gereguleer, en het daar geen beperking gegeld op die getal volmagte (*proxies*) wat een persoon mag hou nie.

Die omstandighede toe is dikwels deur enkele lede misbruik wat by wyse van volmagte opge-

tree het om 'n voorstel op 'n vergadering deur te dwing.

Die probleem hiermee was natuurlik dat enkele lede té veel mag binne 'n skema kon uitoefen en dat mosies deurgevoer was sonder dat dit behoorlik deur die lede oorweeg is.

Die wetgewer het hierdie situasie onaanvaarbaar gevind, en daarom is die beperking in artikel 6 in beton gegiet.

Dit is eintlik só jammer dat hierdie stap deur die wetgewer uiteindelik nodig was.

Hopelik leer dit ons almal 'n goeie les oor die gevare en gevolge van magsmisbruik in die deeltitelbedryf.

Foto: ISTOCK

**E**k wil graag vandag ons fokus op algemene vergaderings afsluit deur 'n paar losstaande, dog belangrike punte uit te wys.

Ek het reeds in 'n vroeëre rubriek melding gemaak van die wetgewer se sogenaamde inmening by aspekte wat eintlik deur die deeltitelbedryf se Bestuursreëls gereguleer moet word.

**Kom ons kyk** bietjie verder na hierdie aspek: Die Bestuursreëls kan altyd aangepas word volgens 'n deeltitel-skema se regs persoon se behoeftes – iets wat nie met wetgewing gedoen kan word nie.

Indien die wetgewer dus 'n bepaling in die wet plaas – ons praat hier sommer van die Deeltitelbestuurswet – kan dit net beteken dat hy dit as só belangrik ag dat die lede nie toegelaat kan word om daaraan te “peuter”nie.

Ek verwys hier na artikel 6 van die Bestuurswet en in beson-

